

## VERDUBBELING.

§100. 'n Eienaardigheid van Afrikaans is die herhaling van die bijwoord of 'n tweevoudige uitdrukking van die begrip, iets wat ook in 'n mate in Nederlands aanwesig is.

Voorb. : *Kom uit die huis uit. Die jakhals het in die gat in gekruip. Ek sal jou met die blithand saam slaan* (Bolands). *Ons gaan na die strand toe. Pa is al lank al thuis. Gaan met mij saam. Het hij al gekom al?* „*Aan die geld in die bank wou hij nie aan kom nie.*” *Van vandag af moet dit gelde. Daar is niks verkeerdt daar nie. Die kind kan nie bij die trommel bijkom nie.*

Hierdie dubbelheid kom sterkste op die voorgrond in ontkennende sinne.

### Dubbele ontkenning.

§101. Hierdie is nie net 'n Afrikaanse eienaardigheid nie. Gebruikmaking van meer als een woord om 'n negatiewe begrip uit te druk is 'n bekende verskijnsel in heelwat Nederlandse en Duitse dialekte, om van Frans nie te praat nie. So 'n dubbelheid in ontkenning skuil in die onder ons so bekende motto: *Ende en desespeert niet*, waar *en* saam met *niet* die begrip negatief maak. In vroeër tije was hierdie dubbelheid dan ook mode in die Nederlandse skriftaal. Desnietteenstaande is die dubbele ontkenning een van die voornaamste kenmerke van ons taal en wel, omdat dit in die meeste gevalle bestaan in die herhaling van dieselfde woord: *nie—nie*. Hierdie woordjies het gewoonlik 'n vaste posiesie, hoewel nie juis altijd nie, en hulle korrekte aanwending gee menigeen hoofdbrekkings bij die skrijwe, waar hij in de gewone omgang instinkmatig sijn pad vind, wat daaraan te wijte is dat sijn skriftelike viting ander eise stel aan die sinsbouw. Daar is darem nog Afrikaners wat, onder Nederlandse invloed natuurlik, verkies om hulle taal sleg te praat deur die tweede *nie* wat so'n sagte afsluiting aan

die sin gee, te onderdruk. Enige jare gelede het ons skryftaal ook nog baie gesondig deur dieselfde fout te begaan. Vandag is daar 'n uitgesproke strewe om ook aan hierdie taalwet so gehoorsaam moontlik te wees.

§102. Die ontkenning geskied met

(1) *nie—nie* (soms met enkele *nie*): 'n Kind mag *nie* ongehoorsaam wees *nie*; hoekom praat julle *nie*?

(2) *nooit—nie* (sterk nadruk): Ek sal dit *nooit* weer sê *nie*.

(3) *niks—nie* (ook *niks* alleen): Hoeveel het jij? *Niks*. Jij moet *niks* praat *nie*.

(4) *niemand—nie*: *Niemand* mag die dorp verlaat *nie*.

(5) *geen—nie*: *Geen* man sal dit wae *nie*.

(6) *gin—nie*: Ek sal dit *gin* doen *nie*.

(7) *nêrens—nie*: Daar is *nêrens* 'n bewijs voor te vind *nie*.

Daar *geen* altijd attributief staan, *niks* en *nooit* insake posiesie identies is met die eerste *nie*, en *niemand* geen moeilikheid oplewer met betrekking tot posiesie *nie*, sal die aandag in volgende §§ hoofsaaklik bij die gebruik van *nie—nie* bepaal word. Kortheidshalwe gebruik ek n<sup>1</sup> bet. eerste *nie*, n<sup>2</sup> bet. tweede *nie*.

§103. (1) In 'n sin bestaande uit onderwerp pl. gesegde (enkele werkwoordvorm) geskied ontkenning met een *nie* aan die end: *Ek kom nie*. *Die kinders hoor nie*. Die onderwerp kan uitgebrei word, selfs met 'n bepalende sin; die gesegde kan sekere bepalende woorde bijkrij (liewer, seker, miskien, waarskynlik, mos, ens.), en die sin kan selfs 'n voorwerp hê, sonder dat 'n tweede *nie* nodig word: *Die stout kinders luister nie*. *Daardie stout kinders wal gister gestraf is hoor mos nie*. *Ek ken julle nie*. *Wie groot werk vir sijn volk doen, sterwe nie*. *Die man herken ons miskien nie*. *Hij verstaan jouw taal nie*.

*Op m.* Als die voorwerp vergesel is van 'n voorsetsel, dan is n<sup>1</sup> nodig: *Ek ken nie vir hom nie*. *Die man praat nie met mij nie*.



Tog is dit moontlik om te sê: *Ek ken vir jou nie*, met sinsaksent op *jou*, vgl. (3).

(2) So gouw als die werkwoordvorm vergesel word van 'n hulppww. (tijd, wijs), of uitgebrei word met ander als modale bepalinge, dan is dubbele ontkenning wet; *n*<sup>1</sup> staan dan voor die woord of woordgroep wat die begrip inhou wat moet ontken word, maar volg altijd die hulppww.; *n*<sup>2</sup> aan die end van die sin: *Ek sal nie kom nie. Ek het nie gesbeel nie. Hij mag nie nou al kop uittrek nie. Ek sou dit nie wil onderneem nie. Ons was nie gevang nie. Die berde draf nie vinnig nie. A is seker nie so slim soos B nie. Jan sal nie graag voor die end van die maand wil huistoe gaan nie. Hij kom ons nie pla nie.*

(3) Bestaan die sin uit onderwerp pl. gesegde (enkele werkwoordvoorm) pl. voorwerp, dan kan *n*<sup>1</sup> onder invloed van die sinsaksent weggelaat word. In *ek slaan die hond nie*, *jij ken die man nie* met nadruk op die laaste *nie* is *n*<sup>1</sup> *nie* vereis *nie*. Krij *slaan* en *ken* egter die sinsaksent, dan sou *n*<sup>1</sup> in die reël onmiddellik volg. Die behoud of onderdrukking van *n*<sup>1</sup> in hierdie tiepe van sin is lang nie presies bepaalbaar nie.

Sodra egter die werkwoordvorm samegesteld is [kijk (2)], is *n*<sup>1</sup> onontbeerlik: *Jij het jouw volk nie lief nie. Ons mag ons taal nie aan bande lê nie. Hij kan die ander name nie onthou nie. 'n Mens kon die berig nie verstaan nie.*

Die posiesie van *n*<sup>1</sup> in sulke gevalle is onvas. In die voorafgaande sinne kan *n*<sup>1</sup> ook staan direk na *het*, *mag*, *kan*, *kon* respektiewelik, selfs wanneer die sinsaksent anders sou val als op *volk*, *taal*, *ander*, *berig*. Als *n*<sup>1</sup> self die aksent dra, staan dit graag voor die hoofww.

(4) Die posiesie van *n*<sup>2</sup> in die enkelvoudige sin is op die end: *A is seker nie so ontwikkelde soos B nie. Ek vind die som glad nie so maklik om uit te werk nie. Hij het dit nie onderneem om stoffelike voordeel te behaal nie.* Daarenteë natuurlik: *Jij moet nie toegee nie, kêrel.*

Die gevoel vir *n*<sup>2</sup> op die end is so sterk dat dikwels 'n sin in die haastige gesprek gesluit word, voordat hij werklik klaar is; dan word die bijkomende woorde nog 'n keer met *nie* afgesluit: *Jij wou mij mos nie helb nie, daardie tijd nie. Jij ken darem nie daardie mense nie,*

daardie Jan en die Corneels nie. Uit dié gevoel word sinne soos die volgende gebore wat 'n mens elke dag kan hoor: *Ek sal nie mijn voorstel terugtrek nie als hij hardkobbig blij nie.* Dit is een van die gevalle van driedige ontkenning, kijk § 107.

Dikwels word  $n^2$  verkeerdlik voor 'n bepaling geplaas b.v.: *Dit is nie manier van doen nie om alijd laat te wees. Ons is nie van blan nie om so maar so ons regte prijs te gee. Jij maak jouw saak niks beter nie deur so'n onversoenlike houding in te neem.*

Daarenteë kan so 'n bepaling met bijsinne of andersins sodanig verleng word dat spreker of skrywer die behoefte voel om die ontkenning af te sluit ergens waar die gedagtegang 'n pause toelaat. So sal menige skrywer in die volgende aanhaling  $n^1$  na *geestesontwikkeling* wil plaas: „Dan was hulle opvoeding *nie* 'n apartstaande periode in hulle geestesontwikkeling: beginnende bij die intrap in die skool met 'n terminus a quo en eindigende op die end van hulle studietijd met 'n terminus ad quem *nie.*”

Dikwels eger word die behoefte gevoel om  $n^2$  te plaas voor 'n parenthese of dubbelpunt of voor 'n toegevoegde verklaring: *Moet dit nie verwar met die laatste sin nie, 'n tiepe wat verwondering uitdruk.*

Vergelijk verder volgende aanhaling met die oog op die posiesie van  $n^2$ : „En daardeur is dit dat 'n naise *nie* 'n blote logiese konsep is vir 'n kunsmatige versameling van eenlinge, soos 'n kudde toevallig bijmekaar gejaagde skape op 'n afslagers Kommissie-vendisie, of soos die opeenhoping van besoekers uit alle oorde op 'n internasionale tentoonstelling *nie.*”

Sommige sal  $n^2$  na *eenlinge* wil sien, maar of hij op die end beter geplaas is als daar, hang af van die individuele tempo waarmee die sin gelees of gespreek word. Is die tempo vinnig dan is  $n^2$  op die end heeltemaal korrek en gewens.

(5) Bij omsetting (inversio) van die tiepe behandel onder (1) is net een *nie* nodig op die end; dit geld ook van vraagsinne: *Misskien herken die man ons nie. Waarom kom hij nie?*

Omsetting van tiepe (2) geskied sonder verplasing van die *nie*'s: *Praat die man nie met jou nie? Voor die end van die maand sal Jan nie graag wil huistoe gaan nie.*



(6) Die gebiedende vorm van uitdrukking word ontken met *moenie* en, wel minder gebruiklik, *moet bl. inf.*: *Moenie praat nie. Moenie jouw beste karte weggooi nie. Moet hom nie seer maak nie naas Moenie vir hom seer maak nie.*

Ontkenning geskied ook met een *nie*: *Doen dit nie. Kom liewer nie.* „Noem die woord ‘konsiliasie’ nie”.

§104. In die samegestelde sin bestaande uit hoofsin (ontkennend) pl. bijsin of bijsinne staan  $n^2$  op die end: *Ons wis nie dat jý ook siek was nie. Dit is nie waar wat hij daar sê nie. Hij sal dit nie weer doen als jý met hom mooi praat nie. Dis nie nodig om te weet wat sijn bedoeling was nie. Dit lij geen twijfel, dat hij verkeerd is nie. 'n Mens kan nie beweer dat die nasie wat minder beskaafd is als ons en die voorregte mis, waarin ons deel, minder gelukkig is als ons nie.*

Die laaste *nie* is nog altijd 'n ontkenning van *beweer*.

In die volgende aanhalinge is  $n^2$  of verkeerd geplaas of verkeerdelik onderdruk op die end: „Ek sal jou nooit in die weg staan nie, als jý iets vir jouw volk wil doen.” „Ek weet dat die Boere nie is nie, wat hulle ons in Engeland voorgestel word.” „Sal die traagslepende ure dan nooit die tjdning aanbring, wanneer haar dagtaak afgedaan is, en sý in stilte haar volle aandag aan die brief kan gee?” „..... met geen middel, om mij die waaragtige wese van wat is, te help verklaar.”

Volg op die hoofsin egter 'n groep van bijsinne wat deur hul uitgebreidheid of aard die werking van die negatiewe begrip enigermate sou kan deerkruis, dan kan  $n^2$  die hoofsin sluit of ergens anders geplaas word waar 'n natuurlike pause ontstaan: „Die kerk kan *nie* ontken nie, dat daar onder die onkerkse jongkêrels 'n groot aantal is wat met hart en siel veg vir die behoud van ons volk en taal.” „Niks minder inderdaad sou nodig wees *nie*, dan dat hij tot volkstaal sou word in die sin dat hij die histaal sou wees van die huisgesinne van die volk.”

In die volgende sin is  $n^2$  vir die gevoel van partij heeltemaal gewens, ander sou dit na *voortrekkers* wil hê: „.....maar ik verstaan *nie* hoe 'n Afrikaner wat vir die eerste maal op die Drakensberg kom en Natal daar onder sien, aan iets anders kan denk als die Voortrekkers, en wat hulle met mekaar gesels het toe hulle vir die eerste keer op die rand van Natal kom staan het, en die lan-

douwe daaronder hulle sien lê het soos 'n Kanaän *nie*."

Daarentee is onderdrukking van  $n^2$  op die end van die volgende sin ongewens: „Daar is 'n nasionale grootheid, wat nie deur die bevolkingsjifer, of die getal vierkante mijle bebou, of die hoeveelheid krijgsmateriaal, bepaal word."

Of bij omsetting enkele of dubbele ontkenning moet staan, hang af van die enkele of samegestelde werkwoordvorm van die hoofsin. *Ons wis nie dat jif ook siek was nie; dit lij geen twijfel dat hij verkeerd is nie* sou omgeset lui: *Dat jif ook siek was, wis ons nie; dat hij verkeerd is, lij geen twijfel nie*.

Als 'n samegestelde sin bestaan uit 'n reeks ontkenkende sinne dan word  $n^2$  elke keer onderdruk behalwe in die laaste sin: *Laat ons nie vergeet dat die hoë ouderdom van hartij geen waarborg is vir ons om te denk dat ons nie jong sal sterwe nie*.

In hierdie voorbeeld is drie ontkenkende sinne wat dus al te same *ses* ontkenkende woordjies sou hê, als die taalgevoel nie die herhaalde onderdrukking van  $n^2$  eis nie.

Ontkenkende bisinne waarvan weer ander bevestigende sinne afhankelik is, skriwe  $n^2$  agtertoe om die enger singroep af te sluit: *Ons weet nou dat die man nie skuld het aan alles wat hom nagegee word nie*. „..... en ik sou dit ook nie geweet het als hulle nie vir mij gesê het dat hulle die grond rondom die vurk met water gaan wegspool nie." In die laaste sinreeks is die *als*-sin ontkennend maar  $n^2$  staan op die end van die laaste bevestigende daaraan ondergeskikte sin. Die volgende sin behoort  $n^2$  te hê na *leestekens*: „.....'n stuk, wat met anglicismes en barbarismes wemel, of wat nie rekening hou met die reëls, wat gewoonlik erken word bij die spelling en die gebruik van die leestekens, is hinderlik."

*O p m.* 1. Weëns die woordskikking van die afhankelike sin gaan  $n^1$  vooraf aan die samegestelde werkwoordvorm, waar hij in die hoofsin tussen die dele daarvan staan: 'n *Ambtendar mag nie deelneem aan politiek nie* maar dit is bepaal dat 'n *ambtenaar nie mag deelneem aan politiek nie*.

Natuurlik blij hier buiten rekening afhankelike sinne sonder dat met die woordskikking van die hoofsin b.v.: *Ek sê, jif mag nie praat nie*.

*O p m.* 2. Die bevestigende afhankelike sin is gewoonlik sonder *nie* wanneer die ontkenkende hoofsin gebiedend (raadgewend, ens.) is en so gekonstrueerd dat dit alleenstaande een



*nie* sou vereis: *Vergeet tog nie dat matig lewe 'n hoofvereiste is vir die gesondheid.*

§105. Op mekaar volgende hoofsinne, enkelvoudig of samegesteld, volledig of onvolledig, word ten opsigte van die ontkenning als aparte eenhede behandel. Daarom kan *n*<sup>2</sup> *nie* onderdruk word in die eerste hoofsin als die tweede ontkenkende hoofsin met *en*, *maar*, *want*, *daarom*, ens. ingelei word *nie*; daarom ook moet *n*<sup>2</sup> die eerste hoofsin afsluit als die tweede bevestigend is. Voorbeeld: Die Parlement mag *geen* wette op die volk afdwing *nie*, want die Parlement behoort *niks* anders te wees als die stem van die volk *nie*.

Ek wou *nie* luister *nie*, daarom het ek straf gekrij.

Ek is *nie* 'n geleerde man *nie* en kon hulle redenering toen *nie* volg *nie*.

*Nie* alleen het hij geprotesteer *nie*, maar ook later die daad bij die woord gevoeg.

„Daarom was die skitterendste sterre in die verstandelike uitspannel van die menselike geskiedenis *nie* skoolprodukte *nie* maar selfgeskapene.”

„..... sodat *nie* alleen ons *nie*, maar ook die regering als beskermmer van die publiek optree.....”

Hij doen dit *nie* omdat hij bang is (*nie*) maar omdat hij hom *nie* nodeloos in gevaar wil stel *nie*.

*O p m.* Hier en daar, waar die sinne kort is, mag wel afgewijk word van die reël bij die skrijwe, hoewel die spreektaal konsekwent is. In die volgende voorbeelde sal sommige *n*<sup>2</sup> in die eerste sin weglaat: *Ek het dit nie gedoen nie en ek sal dit ook nie doen nie.* „Die ashoop is *nie* ruïne *nie*, en ook *nie* 'n lawabedekte stad *nie.*”

Teen te veel onnodige *nie*'s moet gewaak word net soos teen te veel *het*'s (kijk §57, opm. 2.)

§106. *Niemand*, *niks* eis bijna altijd 'n aanvullende *nie*: *Niemand het dit gesien nie. Jij sal niks uitrig nie.*

Op die end van 'n sin of als antwoord op 'n vraag staan hulle meestal alleen: *Jij gee dit aan niemand. Dit baat ons niks; maar ook dit baat ons niks nie. Vir wie het jij dit vertel? Vir niemand* (hier ook dik-

wels *vir geen een nie*). *Hoeveel het jij gekrij? Niks* (ook heel gebruiklik om meer nadruk te verkrij: *niks nie*).

In die gang van 'n sin kan *nie* dikwels onderdruk word: „..... niks oordrewe, niks uitermatig is daar in die gespierde gestalte.....” In die volgende sin sou sijn weglating verkiesliker wees: „*Niemand* kan ontken *nie* dat toneelstukke soos „*Lie Hoop van Suid-Afrika*” 'n goeie invloed uitofen.”

§107. Om sterk nadruk te verkrij word dikwels gebruik gemaak van drievoudige ontkenning wat egter plat klink: *Dit sal niks nie help nie. Geen niks is daarvoor goed nie.*

Hieronder kom die geval vermeld in §103, (4).

*O p m. 1.* Onder die indruk van die negatiewe begrip word in die spreektaal 'n sin beginnende met *tensij*, dikwels verkeerdelik voorsien van twee *nie*'s: *Hij sal ongeluk maak tensij hij nie baing versigtig is nie.*

*O p m. 2.* Goeie Afrikaans is die tiepe: *Hij kan onmoontliknie sijn deel afgee nie.*

Let op die kragtige ontkenning in *so nooit als te nimmer.*

§108. Als deel van 'n samestelling is een *nie* voldoende: *Bevaarbare en nie-bevaarbare riviere; 'n nie-sin; deur nie-inagneming van die grondbeginsels.*

§109. Enkele of dubbele *nie* kan ook voorkom in bevestigende sinne waarin aandoening, (verwondering, leed, teleurstelling) uitgedruk word: *Hoe baing maal het ek hom nie gesien nie! Hoeveel pijn en ellende is daar nie in die wêreld nie! Hoe dikwels het o is dit nie al ondervinde nie! Hoe swaar krij hij nie! Water mooi kleure het die blomme maar nie! Wat het hij nie alles gesê nie!*

*O p m.* Hoewel die grens tussen 'n vraag en 'n uitroep sountijds moeilik bepaalbaar is, moet 'n suiwer vraagsin soos *wat loop hij nie weg nie?* nie verwar word met die laaste van die aangegewe sinne *nie*, 'n tiepe wat verwondering of verontwaardiging kan te kenne gee.



## Oefening.

§110. Bepaal of die volgende sinne korrek is of anderssins ten opsigte van die gebruik van die ontken-nende woorde: Dit lij nie die minste twijfel nie dat ons werk 'n sukses sal wees. Is dit nie moontlik dat die rap-porteur verantwoordelik is vir die een helfte van die ver-klaring, en die sensor vir die ander helfte?

„Want hoeveel mense klink 't b.v. nie vreemd in die ore, dat daar 'n goddelike waarheid aanwesig is in die bedryf van door God geskape mense, dat die mense in hul geskiedenis 'n sij 't ook onbegrepe goddelike doel dien, dat 't nie alles net 'n soort van grimas is nie, en dat 't nie die enigste vraag is: of 'n ding raadsaam, en voordelig of diplomatiek is?” „Niemand sal ontken nie dat onse godsdienis veel egter en waarder sal wees, hoe-wel miskien ook veel lastiger, als dit binne in onsselwe is en blij, en daar gevoel word, selfs als ons ver van die gewijde plek of gebou is.....” „Ons moet egter wel verstaan, dat ons nie 'n goeie roman kan skrywe nie, wat 'n ware beeld van die lewe gee, wat 'n goeie kunswerk is, of hartstog moet daarin 'n plek hê, en die hartstog moet waar geteken word.” „Ook Luther het nie gewag nie tot die taal wat hij hanteer gin aanleiding tot verskil van insigte opgelewer het nie.” Kan jij dan nie sien nie dat hij glad nie bij sijn verstand is nie?

\* Nie 'n kussing waarop sijn vermoede hoof kon rus!  
„Geen boer op die grens het saands gaan slaap sonder die vrees, dat, als hij die volgende môre opstaan, sijn kraal leeg sou wees.” „Hij is skuw vir niks wat daar rondom hom gebeur.....” „Maar verlies nie uit die oog nie, dat hier nog verdere ontwikkeling sal en moet plaasvind.” Met die oog op hierdie feite sou dit nie verwonderlik wees als ons bij die Afrikaner 'n uitbreider of net so groot Bijbelse taalskat aantref als bij die Nederlander nie. „.....dat julle geen enkel stappie kan neem sonder om te denk aan die groot distansie van die volk daaronder, tot waar julle, daar bo, sit nie.”

„Dit en die feit dat die sand en grond nie klewerig genoeg is om 'n blad te vorm wat water kan hou, is die oorsaak, dat dit so skaars is van water.” „Die ou wêreld is nie altoos so swart nie, als hij geskilder word.” „Ek sien nie in nie, waarom ons vir sulke skurke moet werk.” Hij is geneig om nie te versigtig te wees nie, en

nie genoeg aan die toekoms te denk nie. „Die moedelse manier waarop hij 'n sigaret opsteek, twee of drie groot trekke neem en uitblaas, nie op die fijn net wijze waarop 'n man wat met sigself tevrede is, rook uitblaas, als 'n kunswerk, deur die kleinste van klein openinge tussen sij lippe nie, maar in plaas daarvan.....” „.....dat g'n teorie, wat nie rekening hou nie met spontane ontwikkelingsfaktore, 'n oplossing en verklaring kan gee van die oorsprong van Afrikaans.....”

---



## MODALITEIT.

§111. Een manier om sinne in te deel is volgens hulle betrekking tot mekaar, dus hoofsinne en afhanklike sinne. 'n Ander manier van indeling is volgens modaliteit d.i. volgens die besonder betekenis-skakering wat uit die samehang van die sin voortvloei: (1) *Die son skijn.* (2) *Waarom huil die hond so?* (3) *Hij het seker honger.* In (1) deel die spreker iets mee as 'n sekerheid, in (2) word gevra en in (3) die waarskijnlike oorsaak aangegee.

Daar is nog baing ander betekenis, maar al die soorte van sinne kan in twee hoofklasse geskeie word: (A) sinne waarin iets voorgestel word as 'n feit, (B) sinne waarin iets voorgestel word as nie 'n feit nie.

Behalwe in 'n uitdrukking als: *Hoe dit ook al sij*, is die werkwoordvorm in ons taal dié van die *aantonende wijs*, sodat bij ons, anders als b.v. in die klassieke tale, modale onderskeiding nie kan geskied deur verandering van die werkwoordvorm nie. Maar daar is baing ander middels b.v.:

woordskikking	—	<i>Gaan huistoe</i> (gebod);
werkwoorde	—	<i>Ek hoob om gesond te word</i> ;
hulpwerkwoorde	—	<i>Ek wou gaan. Dit kan wees.</i> <i>Dit lijk of hij gek is. Verder meen, vrees, denk, ens.;</i>
bepalende woorde	—	<i>Misskien, waarskijnlik, seker, dalk, gló, ens.</i>

§112. Ons sal nou kortelik deur voorbeelde die hoofvorme van modaliteit behandel.

A. Hieronder val:—

- (1) bevestigende sinne: *Ek het dit gesien.*
- (2) ontkennde sinne<sup>1)</sup>: *Hij het nêrens rus nie.*

---

<sup>1)</sup> Oor die verskillende maniere van ontkenning kijk §102 en vlg.

B. Hieronder kom 'n groot verskeidenheid van sinne.

(1) *Vraag*: *Wat is jouw naam? Hoekom sê jii dit? Is jouw pa thuis?*

Die vragende element kan baing vaag wees, wel so dat daar geen direkte antwoord op verwag word nie: 1. *Wie kon dit ooit dink?* 2. *Wie van ons sou daarvoor sijn lewe wil gee?* 3. *Kan jii nou meer?* 4. *Hoe heerlik is dit hier?* Sinne 3 en 4 is feitelik meer uitroep als vrae.

Daar is 'n tiepe van sin wat vragend lijk maar inderdaad tot A behoort b.v.: *Het ek nie vir jou gewerk soos 'n esel nie?* d.i. *Ek het mos vir jou gewerk soos 'n esel.*

(2) *Mogelikeid*: *Dit kan wees. Hij mag sijn plan verander. Hij mag dit net vergeet het. Dit mag vir hulle mooi wees, vir mij is dit nie. Dit sou maklik kan gebeur. Misskien weet hij raad. Straks is dit giftig. Dalk reën dit môre. Aans word jii siek (gewoonlik voorafgegaan deur 'n raadgeewnig).*

(3) *Waarskijnlikeid*: *Alles sal wel regkom. Hij moet nou al die tijding hê. Jii sal waarskijnlik 'n hele end moet loop. Hij het seker maar 'n grab maak. Hij kon glo nie sijn motor aan die gang gekrij het nie. Dis glo sijn eie skuld.*

(4) *Skijn*: *Dit lijk of jii dit meen. Hij is blijkbaar tevrede. Daar is 'n praatjie, dat jii ons gaan verlaat.*

*Op m.* *Trots lijk stel hij lijk 'n mooi bog 'n vaste sekerheid voor.*

(5) *Mening, opienie*: *Ek dink, jii maak 'n fout. Ek dink bra, dis nou mijn kans (nog nie oortuig nie). Als jii mij vra (mijn opienie is), is die vent 'n bedrieër. Hul het dit glo al maande lang opgekrop.*

(6) *Wens*: *Ek wil jou graag ondersteun. Ek sou graag van julle 'n antwoord wil hê. Als ek tog maar net daar kan kom! Als hulle mij tog maar wil vrijlaat! (Let op die modale krag van tog en maar). Mog hij sijn verdriet teëkom! Mog hij tot inkeer kom! Het ek tog maar jouw raad gevolg! Had ek tog maar beter gelewe! (Die laaste twee sinne druk uit 'n wens wat nie meer vervul kan word nie).*

(7) *Voorneme, plan*: *Hij sou kom kuier in die vakansie.*



(8) *Wil: Ek wil mijn bes doen.*

(9) *Bevel, versoek, raad, aansporing: Maak gouw! Gee mij 'n stukkie brood. Moenie vir mij hinder nie (uitdagend). Moet tog nie vir mij kwaad wees nie (smekend). Moenie jouw tijd misbruik nie (raad). Kom, werk weer saam. Wees jouself! Voorwaarts!*

Die besonder betekenis hang meestal af van die toon.

(10) *Veronderstelling, voorwaarde: Hiervoor is daar ook verskillende maniere. Gewoonlik gaan die voorwaardelike of veronderstellende sin verge-seld van 'n bijsin (aanvullende). Vergelyk volgende tie-pes: Als jij mij verklik, krijg jij sla. Doen dit, dan moet jij sien. Had ek tog maar mijn jas meegeneem, dan sou ek nie nat gereën het nie.')*

*Als jij met mij daarvoor gepraat het dan sou ek jou nie misverstaan het nie. Veronderstel jij krijg duisend pond present, wat sou jij daarmee doen?*

Daar is ook ander sinne wat 'n voorwaarde aangee sonder dat die inhoud van die volgende sin daarvan afhanklik is:

*Al staan hij op zijn kop, ek gee nie sijn sin nie. Al hael en blijs dit, ek sal tog gaan. Hoe hij ook al mag mooi-praat, sijn straf is gewis. Wat hulle ook al mag probeer, aan hom is geen salf te smeer nie. Hoe hij dit ook al mog aanlê, dis verniet.*

*O p m.* Die samehang sal uitwijs of 'n sin wat met *als* begin tijdbepalend of voorwaardelik is.

(11) *Voorwendsel: Hij was kamma siek.*

§113. Die toon waarmee 'n sin gesprek word, is 'n belangrike middel om modaliteit aan te dui. Die toon kan eenvoudig meedelend wees, verder sarkasties of spottend, smekend, gebiedend, uitdagend, verwonderend, ens. b.v. : *Jij sê, jij is klaar met die werk!* Hierdie sin kan vragend, spottend of verwonderend uitgedruk word. *Jij moet dit nog net eenmaal doen* kan wees (1) meedelend, (2) dreigend. *Ek wens hij probeer dit* kan wees (1) meedelend, (2) uitdagend.

<sup>1)</sup> Die veronderstellende deel van hierdie sin staan baing digtebij die laaste sin onder (6).

## APARTE WOORDE.

---

§114. Dit sou van belang wees om ag te gee op die woordgebruik in die volgende gevalle :

*Aanhou* — Als jij *aanhou* raas, krijg jij (ww.).  
Hij het *aanhou* staan en lol (bw.).

*Aans* — Ons kom *aans* na julle toe (netnou).  
Pas op, *aans* beledig hij jou (mogelikheid).

*Agter* (tijdbepalend) is afskuwelik want onafrikaans b.v.: *Agter* dit het hij opgehou (moet wees: daarna).

*Agter* hij belowe het (moet wees: nadat).  
Daarenteë: *agtermiddag*. Vermij ook die lelike *agter sijn goed of iemand kijk* i.p.v. oplet na ens.

*Al* — vgl. *al* in *alhonderdentien! almisskie!*  
*Al* staan hij op sijn kop.  
Hij het laat spaander met geld en *al*.

*Als, dan* — Na die vergrotende trap is *als* gebruikelik : *Piet is ouer als Jan. Hij kan nie anders als grootbraat nie.* In die Ndl. spreek- en selfs skriftaal is *als* ook tamelik gewoon. Dat mense wat nie onder Ndl. invloed staan nie bij ons *dan* gebruik, laat Engelse invloed vermoed. *Dan* is veels te veel aan die woord in ons skriftaal. Alleen in die volgende tiepe van sin is *dan* noodsaaklik : Die vors word meer bewonder als krijsman *dan* als staatsman.

*Amper* — Ons het *amber* verdwaal (bijna). Nie te verwar nie met Ndl. *amper* d.i. bijna nie.

*Arrie* — *Arrie!* (gesê met nadruk, het dit sarkasties-vleierende gevoelswaarde). *Loop arrie!* (matige verwondering). Die woordjie kom in die Boland veel voor.



- Bra** — Ek het *bra* lus (tamelik).  
 Dis *bra* laat (versterkend met nadruk).  
 Dit lijk nie *bra* of hij sal kom nie.  
 Hij kan nie *bra* voorblij nie.
- Dalk, dalkies**. — Dit kan *dalk* reën (mogelijkheid).  
 Hij kom *dalkies* (netnou: toekoms).
- Danig** — Die kind is *danig* in sijn skik daarmee (baing, seer).  
 Hij is *danig* kwaai (baing, seer).  
 Piet is *danig* met mij (ingenome met).
- Darem, daarom** — Hij is *darem* maar 'n doring.  
 'n Mens moet *darem* versigtig wees.  
 Hulle maak *darem* nie mooi nie.  
*Daarom* is alleen oorsaaklik.
- Dat** — Baing gebruiklik is die onderdrukking van *dat* als inleidende woord in 'n voorwerpsin: *Hij sê vir mij, ek moet maar gaan. Denk jij, ons sal dit regkrij?*
- Die laaste een** gebruiklik vir *almaal*: *Hulle hou nie op voor die laaste een half besope is nie.*
- Eens, eers** — Albei word bijwoordelik gebruik: 'n Mens krij nie *eens* (*eers*) tijd om behoortlik te eet nie. *Eens* d.i. eenmaal, eens op 'n dag, bestaan nie in Afr. nie. Daarom sê ons: *Eendag het Wolf en Jakhals gaan skape steel. Eers* kom natuurlik ook voor in die betekenis: vroeër b.v.: *Eers het hij nie so gepraat nie. Vgl. ook: Als jij eers bang word, is dit verlore.*
- Flus, flusies** — Hij was *flus* hier (netnou: verlede).  
 Hij sal *flussies* kom (netnou: toekoms).
- Glo** — Dis *glo* te ver om te loop  
 Dis *glo* sijn verjaarsdag  
 Dan sal hij dit *glo* doen
- { Waarskijnlikheid,  
 { skijn.
- Kamma** gelijkbeduidend met *kamte, kamtag, kamtig, kammalietes*: Hulle was *kamma* so jammer vir mij (voorwendsel). Die man kon mij

*kammalielies* nie verstaan nie. Hij het die Hollandse taal *kamtag* so lief. Jan gaan nou ook al *kamtag* skool (vir die naam).

*Kapabel* — Hij is *kapabel* en steek ons in die pad (hij maak daar min uit.....).

*Langes* — Pad *langes* (letterlik) d.i. met die pad.  
*Langes* die pad d.i. digbij, buitekant die pad.

*Maklik* — Jij kan *maklik* praat.  
Hij is nie 'n *maklike* endjie mens om mee klaar te kom nie.  
Die kèrel kon jou nie *maklik* vasgetrek het nie (d.i. kon jou lelik vasgetrek het).  
Pas op, die draaghout kan *maklik* breek (misskien).

*Misskie*. — Piet: Ek sal gestraf word als ek dit doen.  
Jan: *Misskie* of *almisskie* (d.i. desnietteenstaande).

*Na, naar* — *Na* is beide als tijd- en plaasbepalend die gewone woord in Afr. Die beperkte gebruik van *naar* is kunsmatig; in die skriftaal tree dit onnodig te veel op in plaas van *na*.

*Naelskraap* — Ek het so *naelskraap* vrijgekom.

*Netnou* — *Netnou* kom ek weer (tijdbepalend).  
En als die riem *netnou* breek? (altemit).

*Nes* d.i. *net soos*. *Nes* 'n kind.  
*Nes* hij mij sien, gee hij pad.

*Om* — Ek dink *om* hom is goeie Afr. (ook Ndl.) hoewel *aan* hier gewoner is. *Om* i.p.v. *omdat* klink plat b.v.: *Die uie word gesnoei om dit anders nie uitgroei nie.*

*Pal* — Hij besoek ons *pal* die laaste tijd (dikwels).

*Regte* — Ek het regte goed geëet (heeltemaal).  
Die pasiënt is *regte* beter (*tamelik*).  
Vgl. *Na regte* moet hij gestraf word (volgens reg).

*So* — Hij sal dit *so* nooit doen nie (versterkend).

*Somaar, sommer* — Hoekom doen jij dit? *Somaar* (sonder rede).  
Toen herken ons hom *sommer* dadelik.  
„Plesier is nes 'n jong komkommer,



Als jij hom pluk, verlep hij sommer.”

Dis *sommer* 'n nuk van hom (d.i. maar net).

*Soos, soals* — Die kort vorm is die gebruiklike.  
*Soals* het enige regvaardiging in  
deftige stijl.

*Straks* — Straks kom ons los (mogelikheid).

*Suiwer uit* — Ek is nou *suiwer uit* moeg.

*Te* — Die stok is *te* lang.

Die perde draf *te* mooi (baing).

Die perde draf *al te mooi* (nog sterker).

Hij was tog *al te* plesierig (baing).

*Toe, toen* — Identies als voegwoorde, hoewel *toe*  
veel meer gebruiklik is: *Toe (toen)*  
*hij mij gewaar, laat hij spaander.*

Vir die gebruik van *toe* vgl.: *Die dear*  
*is toe. Toe tog! Kom hiernatoe. Hij*  
*het mij toe beledig. En toe, hoe het*  
*dit afgeloop?* Die gebruik in die laaste  
sin, als inleiding tot 'n vraag, is alge-  
meen Vrijstaats.

*Tog* — Hij sal *tog* nie sijn sin krij nie (desnietteen-  
staande). Als hij dit *tog* maar nie vergeet nie  
(wens). *Eina tog! Soe tog! Foeitog!* (verster-  
kend bij-uitroep).

Die saak is *tog* nou eenmaal verlore. Verder  
word *tog* gebruik om 'n gebod te versag: *Kom*  
*tog* nou.

*Verse g* — Hij *verse g* om te loop (weier).

*Voor, na, tot* tree op als voegwoorde sonder *dat*: *Nog*  
*voor ek hom sien, skiet hij op mij.*  
*Na hij mij dit alles belowe het, laat*  
*ek hom gaan. Die kind het aangehou*  
*tot hij sijn sin het.*

*Wat* — Let op die gebruik van *wat* in die volgende ge-  
valle: *Nee wat! Ja wat! Toe wat!* (smekend,  
maar veel minder als *toe tog!*). *Ag wat!* (ver-  
agtend). *Bog wat!* (sterker veragtend). *Hulle*  
*was wel vir mij goed, maar wat!*